

2. Filippense 1:1-11

Vennote in Christus se Evangelie

VERWELKOMING: _____ 5 MIN

YSBREKER: _____ 25 MIN

- Waar was jy 12 jaar gelede? Wat is die grootste verandering wat in hierdie 12 jaar in jou lewe gebeur het?
- Wie het die grootste aandeel gehad in jou geloofslawe as kind? En as volwassene? Hoe het hulle dit gedoen?

AANBIDDING: _____ 5 MIN

Laat almal hulle oë toemaak en laat een persoon dan Filippense 1:2-11 stadig voorlees asof Paulus dit vir julle kleingroep skryf. Gee 1 minuut van stilte na die lees vir stilgebed.

- Hoe het julle die gebed beleef?
- Wat het jou getref?

BYBELSTUDIE: _____ 35 MIN

ONS HET VERLEDE KEER GESIEN DAT PAULUS MAAR 'N KORT RUKKIE IN FILIPPI WAS VOOR hy weggejaag is. Tog het die gemeente bly voortbestaan. Sowat 12 jaar later (ongeveer 61 n.C.) is Paulus in die tronk in Rome wanneer Epafroditos by hom **KOM MET 'N GESKENK VAN DIE GEMEENTE IN FILIPPI.** In reaksie op die geskenk en op wat Epafroditos vir hom vertel van die gemeente, skryf Paulus hierdie brief.

Lees Filippense 1:1-11. Laat elkeen een vers hardop lees.

- Watter woord in die gedeelte dink jy beskryf Paulus se gevoel oor die gemeente die beste?
- Paulus is dankbaar teenoor die gemeente omdat hulle saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie (vers 5). Vir wie kan jy dankbaar wees hiervoor? Hoe?
- VOLGENS VERS 6 IS DIE “GOEIE WERK” IN DIE FILIPPENSE NOG NIE KLAAR NIE. IS DIE “GOEIE WERK” IN JOU AL KLAAR? WAT KAN JY DOEN OM DIT NADER AAN KLAAR TE KRY?
- HOE NEEM “LIEFDE” TOE IN “BEGRIIP EN FYN AANVOELING” (VERS 9)? HOE HELP MEER “LIEFDE” OM TE ONDERSKEI Wat werklik belangrik is?

- WAT, DINK JULLE, IS DIE “DINGE WAAROP DIT WERKLIK AANKOM” (VERS 10)? Hoe kan jy hierdie week daarop fokus?

DIENSWERK: _____ 5 MIN

Wie kan julle as kleingroep bedank omdat hulle saamwerk om die evangelie te verkondig? Hoe gaan julle dit doen?

GEBEDSRIGLYN: _____ 10 MIN

As Paulus vir die gemeente bid, dank hy God vir wie hulle is en wat hulle doen en bid dat hulle selfs meer sal groei. As julle aan (A) die gemeente en (B) julle kleingroep dink, waarvoor wil julle God dank? En waarvoor wil julle bid vir (C) die gemeente en (D) julle kleingroep? Vra 4 persone om notas te maak van A-D en om dit dan te bid.

ADMINISTRASIE: _____ 5 MIN